MEI
1959

KOERS

DEEL XXVI No. 11.

# DIE KOMMUNISTIESE GEVAAR

(Rede gelewer deur dr. Wm. Nicol by die gradeplegtigheid van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 18 April 1959).

Sestig jaar gelede het ons beskou dat die Kommunisme sommer een van die moontlike teorieë was vir die inrigting van 'n staat se geldsake. Vandag is die beginsels van daardie teorie tot in die fynste besonderheid uitgewerk en toegepas op een derde van die mensdom. Sy heerskappy strek van die Beringse Straat tot in die middel van Duitsland, van die Noordpoolsee tot by die Suidsee van Sjina, die grense van Indië, Iran en Turkye. Daardie gebied beslaan een kwart van die bewoonde aarde en sluit in 900,000,000 siele, sê een derde van die mensdom. Die uitbreiding duur nog voort en telkens verneem ons van pogings wat met sukses aangewend word om nuwe lande binne die invloedsfeer van die Kommunisme te bring.

Dog die bevolking van Suid-Afrika stel weinig belang in hierdie verskynsel. Moskou is ver van ons af, ons het 'n stabiele, waaksame regering, ons eet en slaap goed en nou kan ons tog waarlik nie wakker lê oor 'n nuwe beleid wat in Rusland uitgebreek het nie.

Waar ek ook rondgereis het in die Unie gedurende die afgelope tien jaar, nooit het die gesprek na die Kommunistiese gevaar oorgeslaan nie. Ek moet een groep uitsonder van hierdie algemene stelling, en dit is die gesantskappe van oorsese lande. Hulle is wel bewus van die erns van die saak en besef wat aan die gang is. Hulle bespreek geredelik die vooruitsigte en doen dit met kennis. Maar nie ons eie mense nie. 'n Klein minderheid van ons universiteitstudente leer die beginsels van die Kommuniste ken, en ek wil aanneem dat hulle dit met mekaar bespreek. Vir die res staan ons net so onverskillig teenoor die Kommuniste as die man in die maan. Volgens die jongste berigte het

hy nie eers omgekyk toe die Russiese vuurpyl hom onlangs skrams gemis het nie.

En tog sal ons noodwendig vroeër of later met die Kommuniste in persoonlike aanraking kom. Daar is net een gebeurlikheid wat dit kan verhoed en dit is dat die Kommuniste deur inwendige verrotting vergaan voordat Suid-Afrika aan die beurt kom. Dit is nie onmoontlik nie maar tog so onwaarskynlik dat ons dáárop nie durf reken nie. Dit lê in die wese van die Kommunisme dat hy nie kan berus voordat die hele wêreld hom aanvaar nie. Net soos die Christendom nooit van sy sendingroeping sal kan afsien voordat dit voltooi is nie, net so min kan die Kommunisme tot aan die grens van een staat die oorwinning behaal en daarin berus dat 'n ander stelsel oorkant die grens toegepas word. Die stryd moet noodwendig voortduur, en ons sal ons beurt kry.

I.

Dit bring my vanself by die metode wat die Kommunisme volg met die oog op die verowering van 'n nuwe land. Dit volg altyd dieselfde beproefde patroon en ons weet min of meer wat om te verwag. U moet nie op 'n formele oorlogsverklaring reken nie. Dis 'n ouderwetse beleefdheid waaraan die Kommunisme hom nie meer steur nie.

Die stryd begin met 'n vreedsame insypeling by liggame wat eintlik voorgee om afsydig te staan in die politieke stryd. Die vakbonde kom gewoonlik eerste aan die beurt. Daar probeer besielde Kommuniste om op die bestuur verkies te word; met voorbeeldige ywer bestudeer hulle sake en streef daarna om die leiding in hande te kry. Hulle stook onrus en wek ontevredenheid. 'n Paar weke gelede het die regsgesinde voorsitter van 'n belangrike vakunie in Engeland getuig dat hoewel daar 'n minderheid van Kommuniste in sy unie is, die meerderheid reeds so ondermyn is in hulle lojaliteit dat hulle geredelik links sou stem as hulle dink dat die Kommunisme tog die oorhand gaan kry. Nie slegs in die vakunies nie maar in allerhande organisasies, ook in die universiteite, soek hulle tuiste om die intelligentsia te ondermyn. Vroueverenigínge — die plekke waar bevoorregte dames vergader terwyl hulle kinders op skool en hulle mans by die werk sit — is lekker warm broeiplekke vir die saai van sulke gedagtes.

In sommige lande waar die Kommunisme nog nie die hef in hande gekry het nie vind hy plek in die gemoed van die volk deur die stigting van allerhande fronte. 'n Front vir die bewaring van internasionale vrede, verwaarloosde groepe werkers of vervolgde selote, trek weer 'n klomp mense saam wat later verras, miskien aangenaam verras, is om te ontdek dat hulle onder Kommuniste leiding staan.

Gepaard hiermee gaan die mees uitgebreide stelsel van spioenasie wat die wêreld nog ooit geken het. Dit word bereken deur kenners dat daar ruim 250,000 Russiese spioene in hulle buiteland werk en dat hulle 500,000 betaalde of vrywillige medewerkers het. Merkwaardig is die deeglikheid waarmee te werk gegaan word. Verskeie departemente van die staat het elkeen sy eie stelsel. Die vernaamste is die Direktoraat van Inligting van die Departe-

ment van Binnelandse Sake, maar dan bestaan daar ook 'n Departement van Inligting wat sy eie agente het. Bowendien sorg die Departement van Verdediging vir sy eie spioenasie wat jaar in en jaar uit aan die gang is; die Departement van Buitelandse Sake het 'n onafhanklike stelsel verbonde aan die talryke ambassades versprei oor die wêreld en die Departement van Handel het sy georganiseerde spioene by elke oorsese konsulaat. Ons kan aanneem dat al hierdie inligting in Moskou gekoördineer en beskikbaar gestel word. Hulle het 'n helder prentjie van elke land en ken presies ons sterk en swak punte.

Die volgende stap in die optrede van die Kommunisme is om verwarring en gaos te skep. Die metode volg gereeld hierdie patroon. Eers moet bestaande instellings, waarop die volk gereken het, in diskrediet gebring word, verwarring en onsekerheid ontstaan en dan verskyn die Kommunis as die redder van die volk. Het Suid-Afrika nie ook reeds sulke periodes deurgemaak nie; tye toe vooraanstaande leiers openlik verklaar het dat die demokrasie in Westerse sin 'n mislukking is en dat hulle nou gereed is vir 'n geheel nuwe grondslag? Gelukkig het ander gedagtes ons weer tot ontnugtering laat kom en is ons gewaarsku. Dog dit is die teken waarvoor ons op ons hoede moet wees: die in diskrediet bring van bestaande instellings en die skepping van verwarring.

Onthou ook dat geen ooreenkoms tussen nasies vir die Kommunisme heilig is en van krag bly as dit nie meer in hulle kraam pas nie. 'n Belofte geld slegs so lank as dit vir die Kommunisme tot nut is. Lenin self het die rigting aangegee vir die behandeling van vredestraktate en ooreenkomste. „Ons moet in staat wees," sê hy, „om die toevlug te neem tot allerhande slim streke, onderduimse planne, onwettige metodes, ontwykinge en voorwendsels . . . . ." Ook Stalin het in hierdie verband gesê: „Wat julle noem eerlike diplomatiek is net so min bestaanbaar as droë water of smeltbare hout". Dit baat nie om met hulle 'n ooreenkoms te maak nie. Die woord belofte het vir hulle 'n ander betekenis as vir ons, en die ooreenkoms kan van tyd tot tyd na eis van omstandighede deur hulle gewysig word as hulle eenmaal die hef in hande het.

Die ondervinding het geleer dat die Kommunisme op sekere soorte mense hom toespits wat besonder vatbaar is vir sy propaganda. Daar is vir eers die mense wat na hoë poste gemik het en dit nie verower het nie. In hulle teleurstelling is hulle vatbaar vir die mooipraat van die Kommunis. Dan is daar die oorlogsmoeë, en daar is baie van hulle op aarde wat gereed is om na enige stelsel te gryp wat 'n sterk mag agter hom het. Vervolgens die liggelowige wat hom laat verlei met die mooi beloftes van Moskou en die intellektuele wat betower raak deur die filosofiese grondslag van die stelsel. Kommunisme doen hom voor met 'n rykdom van argumente as 'n historiese noodsaaklikheid en nie as 'n opportunistiese greep na mag nie. Ook by die heel armes slaan Kommunisme aan, omdat dit 'n deel van die ryk man se oorvloed aan hulle belowe. Eindelik is daar die groot groep in elke land wat altyd teen alles

is en wat meen dat 'n mens maar so 'n bietjie aan die Kommunisme kan proe om te leer hoe dit smaak. Nou weet ek nie of my gehoor onder een van hierdie groepe val nie. Ek waarsku maar in die algemeen.

Die Kommunisme is soos 'n toneelspeler wat 'n hele aantal maskers in voorraad hou. Hy verander gedurig van gedaante. Hy kan vlei, dreig, belowe, lieg, preek, soebat of bid net soos omstandighede eis, as dit maar net vir die doel van die Kommunisme dienstig is.

II.

Nou wil ek 'n paar minute gebruik om 'n prentjie te bied van ons land soos dit daar sal uitsien as die treurige lot ons sou tref en ons onder die Kommunisme sou val.

Op staatkundige gebied sou ons ontwikkeling 60 jaar teruggeskuiwe word. Die proses van onafhanklikheid wat gedurende die afgelope halwe eeu voortgegaan het sal nie slegs stopgesit word nie maar sal geheel vernietig word. Moskou sal die middepunt van ons denke word en ons sal na die pype van die Sowjet-unie moet handel. Die leer van die Kommunisme verkondig dat wat goed of kwaad is vir die Sowjet-unie, goed of kwaad is vir alle Kommuniste, waar hulle ook mag wees. Bevele van Moskou moet sonder bevraagtekening orals onmiddellik gehoorsaam word, afgesien van plaaslike, nasionale belange. „Die verdediging van die Sowjet-unie", sê Stalin, „as die vaderland van die sosialistiese wêreld-proletariaat is die heilige plig van elke mens orals en nie slegs van die burgers van die Sowjet-unie nie". Soos in die satellietstate van Rusland moet ons dus verwag om een of ander onbenullige leier te kry, waarskynlik 'n Suid-Afrikaanse burger, wat ons sal leer om na die pype van Moskou te dans. Van staatkundige vryheid kan daar geen sprake wees nie.

Die geboorte van 'n Kommunistiese staat in Suid-Afrika sal met 'n tyd van groot geweld gepaard gaan. Dit was die patroon van die stigting van elke satellietstaat en van Rusland self. Dit word bereken dat die Rooi Rewolusie van 1917 binne die eerste dertig maande gelei het tot die dood van 7,000,000 persone. In Sjina is sowat 11,000,000 reeds afgemaai, terwyl elkeen van die kleiner state wat aan Rusland grens sy kwota moes lewer om die nuwe bloeddorstige god te bevredig. Van hierdie geweld sal Suid-Afrika nie vryspring nie. Dis ook nie moeilik om aan te dui wie eerste aan die beurt sal kom nie. Die sterk voorstanders van 'n verteenwoordigende regeringstelsel, of hulle tans deel het aan die regering of nie, die groot eienaars van grond en mense wat op hulle rente lewe, groot fabrikante en werkgewers, almal wat teen die Kommunisme skryf, praat of doseer, hulle almal, en nog baie meer wat vir die stelsel lastig is, sal op een of ander manier uit die weg geruim word. Ons sal 'n tyd van geweld deurmaak. Lenin het gesê: „Al sou die mensdom met driekwart verminder word in die proses van toepassing, en daar bly net 25% van vandag se bevolking van die aarde oor, as hulle maar net 'n volledige Kommunisme sal belewe, sal dit 'n lonende onderneming wees". Lonend vir wie, wonder 'n mens!

In Suid-Afrika, soos orals waar die Kommunisme toegepas word, sal die enkeling onbenullig word. Dis nie slegs op ons goed dat Kommunisme toegepas word nie — as dit ál was sou ons dit kan oorlewe — maar ook ons werkkrag en ons belangstelling, ons doen en denke, ons lewe en dood behoort aan die staat. Ek is maar 'n brander, of liewers 'n klein golfie op die groot see van die mensdom. My eie lewe en bestaan het geen waarde of betekenis nie, behalwe in sover as dit van waarde en tot betekenis vir die Kommunisme is. Dit is geen blote teoretiese punt nie maar iets van die mees praktiese betekenis vir ons lewe. Ons ambagsmanne, byvoorbeeld, heg groot waarde daaraan dat hulle vry is om te werk waar hulle wil en vir wie hulle wil. Hulle is vry om te enige tyd die werk op te sê. Soiets is onbestaanbaar onder die Kommunisme, wat dit bestempel as afwyking en veroordeel met streng optrede soos teen 'n vyand. 'n Ambagsman moet 'n bepaalde aantal ure op 'n bepaalde plek en teen 'n vasgestelde loon werk en hy moet 'n bepaalde kwota aflewer. Hy tel nie as indiwidu nie en het geen seggenskap nie.

Ons kosbaarste Suid-Afrikaanse skat is ons huisgesinne, die primêre instelling van ons samelewing. Wat sal onder 'n Kommunistiese stelsel daarmee gebeur? Dit sou logies volg uit die beginsels van die Kommunisme dat die huisgesin afgeskaf moet word en dat vermeerdering van die mensdom soos die van diere op die plaas beplan moes word. Miskien kom dit nog later daartoe. Die Kommunisme het in elk geval nog nie die moed om hierdie uiterste toepassing van sy beginsels te laat geskied nie. Die verharding is nog nie so volkome dat die afskaffing van die huisgesin geduld sal word nie. Intussen ondermyn hulle die huisgesin met hulle opvatting van gelykheid tussen man en vrou. Dit het daartoe gelei dat allerhande harde werk wat gewoonlik vir mans uitgehou word nou ook deur vroue verrig moet word. Hulle werk op die spoorweg, in die myne, by saagmeule, vervoer van boumateriaal en die aanlê van paaie. Die stelsel hou opsetlik die loon van mans so laag dat vrouens verplig word om by die werkerskorps aan te sluit. Daardeur kry die staat vanself byna die volle seggenskap oor die opvoeding van hulle kinders. Soos Lenin gesê het: „Gee my die kind vir agt jaar, en hy sal 'n lewenslange Bolshevik wees". In elk geval, die huisgesin het onder die Kommunisme sy betekenis verloor, en kinders help geredelik om hulle ouers te verraai as hulle dink dat afwykings van die Party se voorskrifte geskied. Dis die algemene patroon wat ook op Suid-Afrika van toepassing sal wees.

Oor die volgende punt kan daar geen onsekerheid bestaan nie. Onder 'n Kommunistiese stelsel sal die oorblywende blankes op gelyke voet met die onrype naturel geplaas word. Dit is maar 'n ander manier om te sê dat die blankes wat in getalsterkte swakker as die naturelle is, onder die naturelle gestel sal word. Reeds in 1927 tydens die 10e verjaardag van die Rooi Rewolusie is deur die Komitern aan die Kommuniste van Suid-Afrika opdrag gegee om te ywer vir die stigting van 'n Swart Republiek alhier. As ons dus

nie gou werk maak van die opdrag nie, sal hulle dit self kom stig, en ons bondgenote oorsee sal in die onbenydenswaardige posisie verkeer dat hulle, wat op elke wyse nou ons apartheidsbeleid veroordeel, ons sal moet kom help om ons grondwet te handhaaf. Wat 'n knuppel in die hoenderhok van die V.V.O.!

Tyd belet my om die ingrypende verandering aan te toon wat in ons regspleging sal geskied. Die objektiewe standaarde sal, in een woord, moet plek maak vir die beginsel dat wat goed is vir die Kommunistiese Party, dit is reg.

Ook die beginsel van verteenwoordigende regering gegrond op vrye verkiesing sal afgeskaf word, want Lenin het bepaal dat die gewone volk nie genoegsaam ingelig is om te kan besluit wat goed en reg is nie; daaroor moet die Party besluit en aan die Party behoort slegs 3% van die bevolking.

My laaste punt is dat die Kommunisme die georganiseerde Godsdiens in Suid-Afrika sal ontwortel. Daarmee bedoel ek die Kerk as organisasie met sy sending en evangelisasie. Een van die jongste volledige reisbeskrywings in Rusland is van Marshall Mac Duffie, **The Red Carpet.** Hy verseker dat die mense wat nog die kerke besoek bokant 50 jaar oud is en dat die einde van die openbare godsdiens nader kom. Dit volg uit die leerstellings van Marx, Lenin en Stalin. Vladimar Gsovski in sy **Church and State behind the Iron Curtain** (1955) bewys ook uit amptelike bronne dat in 1929 248,000 persone hulle burgerlike regte ontsê is omdat hulle bedienaars van die godsdiens was. In 1931 het die getal verminder tot 161,000 waarskynlik omdat die voorraad uitgeput geraak het. Miskien sal hulle in Suid-Afrika geen openlike godsdiensvervolging instel nie maar die godsdiens dood frons sodat dit binne 'n paar dekades vanself opdroog en verdwyn. Ek meen dat ek my in hierdie deel van my toespraak gehou het aan bewerings wat maklik bewys kan word. As 'n mens populêre geskrifte en jou eie ingeligte verbeelding wil bybring sou dit moontlik wees om 'n veel skrikwekkender en waarskynlike veel korrekter voorstelling van Suid-Afrika onder die Kommunisme te gee.

## III.

Ten slotte moet ek nou probeer aantoon wat gedoen kan word om die dreigende onheil van ons en ons kinders af te weer.

Ek gaan nie die V.V.O. bespreek nie. Die organisasie bestaan nou reeds 14 jaar en het 'n belangrike bydrae gelewer deur 'n platform te bied waarvandaan Kommunistiese bedrywighede aan die kaak gestel kon word. Die enigste oorlog waarin die V.V.O. se vlag vooraan gewapper het was teen die Kommunisme in Korea.

Ek gaan ook nie N.A.V.O. bespreek nie. Sedert 1949 het 14 van die Wes-Europese nasies met behulp van die V.S.A. aan Rusland openlik gesê dat as een van hulle aangeval word dit geïnterpreteer sal word as 'n aanval op al 14. In hoeverre dit Rusland beteuel het weet ons nie. In elk geval het dit nog steeds by praat en dreig gebly.

Ook die partikuliere wetgewing van ons land laat ek daarby. Dit word erken

as middels om die dreigende gevaar af te weer.

Genoemde drie belangrike sake gaan ek verby om my te bepaal by die aspekte van ons weerstand wat in sonderheid hier by 'n universiteitsplegtigheid tuis hoort, die opvoeding of innerlike weerstand van die volk.

Laat my u weer herinner dat die Kommunisme 'n geloofsoortuiging en 'n program is wat gegrond is op die rewolusionêre sosialisme van Marx en deur Lenin en Stalin verder ontwikkel is. Dit vertolk die geskiedenis as 'n klassestryd wat uiteindelik en orals noodwendig sal uitloop op die oorwinning van die proletariaat of werkende klas, en op die stigting van die diktatorskap van die proletariaat. Dit eis dat alle maatskaplike, ekonomiese, politieke en kulturele bedrywigheid beheer en voorgeskryf sal word deur een enkele, oppermagtige party en dat uiteindelik die hele wêreld verenig sal wees in 'n Unie van Sowjet-Sosialistiese Republieke. In die praktyk het Kommunisme neergekom op die diktatum van die Kommunistiese Party onder beheer van een man of 'n klein groepie manne.

Dit klink so onskuldig en eenvoudig om te sê die Kommunisme vertolk die geskiedenis as 'n klassestryd wat noodwendig moet uitloop op die oorwinning van die proletariaat, maar daaragter lê 'n filosofiese stelsel wat die aandag van die beste brein waardig is. As ons die Kommunisme wil beveg sal 'n groot getal van ons bevoorregtes geheel vertroud moet raak met die grondslae van die stelsel. 'n Opgevoede mens soos Lenin gaan tog nie die uitroeiing van driekwart van die mensdom ter wille van enige stelsel voorstaan as hy nie diep oortuig is dat dit tot uiteindelike voordeel van die mensdom gaan wees nie. Waar lê sy fout? Of as u geen fout daarmee kan vind nie, in watter opsigte verskil sy uitgangspunt so geheel en al van ons s'n dat ons tog sy gevolgtrekkings moet verwerp? Aan daardie ondersoek moet 'n groot deel van ons volk deelneem en dit is die roeping van die Universiteite om ons daarin voor te gaan. Dit geld veral van 'n Universiteit wat op 'n Christelike grondslag staan.

Die middelbare skole sal wel nie so diep op die saak kan ingaan as die Universiteite nie, maar hulle het ook 'n roeping teenoor die groot meerderheid leerlinge wat die skool op 16-jarige leeftyd verlaat. Hulle durf nie geheel ongewaarsku die lewe ingestuur te word nie. Planne moet beraam word om hulle aanhoudelik in te lig omtrent die gevaar wat oor die wêreld hang.

Ek dink ook nie dat die pers sy plig teenoor Suid-Afrika in hierdie opsig doen nie. Vir die sputniks het hulle baie ruimte, omdat dit 'n prikkelende sensasie verwek maar nie vir die daelikse doen en late van die Kommunisme nie. Alles saamgereken maak die persberigte omtrent die Sowjet-unie ons meer mak as bang vir die Kommunisme.

Toe ek nog lid was van die godsdienskomitee van die Radioraad het ek in alle erns voorgestel dat ons moes vrygelaat word om die Kommunisme oor hulle senders te bespreek. My medelede sou destyds nie daaraan raak nie. Miskien was dit nog te kort na die II Wêreldoorlog, waarin die Kommuniste ons bondgenote was. Vandag is ons

verleentheid oor die gedrag van ons eertydse vriende 'n saak van die verlede, en kan die radio dit gerus as sy roeping aanvaar om die volk deeglik op te voed oor die betekenis van Kommunisme.

So alleen sal ons gewapen wees om te waak teen insypeling van die dwaalleer by ons maatskaplike instellings.

Laat my hier 'n woord van waarskuwing op 'n ander punt aan u rig. As ons die Kommuniste uit Suid-Afrika wil weer sal ons moet toesien dat die leer geen vatplek aan ons kry nie. In die afgelope 25 jaar het ons die armoede onder ons blankes nagenoeg uitgeroei. Dit was een van ons groot gevare en dit is gelukkig opgelos. Geen blanke sal nou meer enige voordeel trek uit die toepassing van Kommunisme in Suid-Afrika nie. Maar daar dreig nog net so 'n groot gevaar. Die Kommunis beweer, en die liggelowige naturel glo maklik, dat hy bevoordeel sal word deur Kommunisme. Ek glo dit nie. Inteendeel, hy sal die onderste laag van die slawe in die klassestryd bly. Maar dit glo hy nie en daarom is hy eerste vatbaar vir Kommunistiese beïnvloeding. Net soos ons die armeblankeprobleem opgelos het, moet alle kragte ingespan word om die naturelleprobleem spoedig op te los. Ons Regering moet hierin op die heelhartige stem van die hele bevolking kan reken. Geen opoffering is te groot vir die redding van die nageslag nie.

Eindelik wil ek sê dat dit nou die tyd is om te sorg vir die verdieping van ons eie lewensbeginsels. Waardeer ons byvoorbeeld genoeg die vryheid wat ons geniet? Hoor wat skryf Illarion Pavlovick wat onder die Kommunisme gely het, na Kanada gevlug het en daar 'n nuwe lewenswyse ontdek het: „Gedurende die jaar wat ek as timmerman in Kanada werk het ek 'n sekuriteit en gerustheid gekry waarvan ek nie in die Sowjet-unie kon droom nie. Gedurende die jaar is daar nooit ondersoek ingestel omtrent my personebewys, my geldelike status of my oorsprong nie. Niemand wil weet wie my vriende is nie, en ek kan so laat slaap as ek wil. Ek hoef geen politieke vergaderings by te woon nie en ek hoef nie applous te gee as ek nie saamstem nie. By die werk vrees ek nie dat 'n foutjie wat ek maak as sabotasie vertolk sal word nie. Ek lees enige soort koerant of tydskrif en niemand neem my dit kwalik nie. Ek luister sonder vrees op enige golflengte na die radio". Hy kon daarby gevoeg het dat ons die vryheid geniet om die Regering teen te gaan en aan te val en om ons God te aanbid waar, wanneer en soos ons wil. Ons het so gewoon geraak aan die voorreg van volkome vryheid dat ons dit nie meer waardeer nie en daarvoor geen opoffering wil doen nie. Ons volk moet die waarde daarvan opnuut besef as ons enige toenadering van die Kommunisme beslis sal afwys.

Die waarde van die lewe en van die enkeling is nog so 'n lewensbeginsel wat ons reg moet waardeer as ons met beslistheid die Kommunisme sal verwerp.

Dit bring my by die allerbelangrikste. As die Christelike godsdiens vir die volk van Suid-Afrika werklik begin en einde van die lewe is, sal ons nie met die Kommunise kan heul nie. Die materialisme is die direkte negasie van

alles wat vir ons dierbaar is. Geen tydelike voordeel wat die Kommunistiese organisasie van die lewe mag aanbied, kan opweeg teen die gemis wat ons sal ly as ons lewe ingehok word aan alle kante, ook na Boontoe, deur die stoflike. „Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win maar aan sy siel skade ly?"

Die saak is nog nie hopeloos nie. Dis waar die Kommuniste beheer een derde van die mensdom, maar die totale bevolking van Rusland is 215 miljoen terwyl die ledetal van die Kommunistiese party slegs 7 miljoen tel. 97% van die bevolking word met geweld bedwing. By hulle heers vrees, haat, opstand en die begeerte om te vlug. Duisende mense vlug uit die Kommunistiese lande na die vry lande; die omgekeerde gebeur eenvoudig nie. Van die gevange Noord-Koreane het 22,000 geweier om na hulle eie land terug te keer na beëindiging van die oorlog, omdat hulle die stelsel geken het en daarvan wou vlug. Ons verwag nog dat 'n stelsel wat op vrees en dwang gegrond is vroeër of later sal inmekaar tuimel en met 'n erger bloedstorting as in 1917 beëindig sal word.

Laat ons dus alle voorsorg neem, op God vertrou en moedig voortgaan om reg te doen en die einde sal vir ons volk gelukkig wees.